**2 JUNIE** **SKRIFGEDEELTE: PSALM 40**
**FOKUSGEDEELTE: PSALM 40:18**

## Ek vertrou in nood, want God was nog altyd my Redder

Hierdie psalm begin met ‘n loflied oor die verlossingsdade van die Here. Dawid jubel, want die Here het hom uit groot ellende uitgered. Op grond van God se genade wil hy nou sy hele lewe aan die Here toewy en inrig soos wat die wetboeke van die Bybel dit uitspel. Ons sing gewoonlik net tot sover, want hierna verander die psalm in ‘n geroep om hulp. Gewoonlik wil ons nie na jubeling weer begin weeklaag nie!

Tog word die geloofsvertroue wat in die noodkreet aan die einde van die psalm vervat is, juis gewek deur die heilservaring van die eerste deel. Die geskiedenis van God se verlossingsdade dra die gelowige sodat ons met groter vertroue op die Here kan wag in nuwe beproewinge. Omdat ek ervaar het dat God my nog nooit in die steek gelaat het nie, maar my reeds deur alle vorige beproewinge gedra het, het ek die geloofsekerheid dat Hy my ook nou weer sal dra en red.

Is u in beproewing? Kyk terug op u lewe en erken hoe God u gedra het tot nou toe. Kyk nog verder terug, en jubel oor die verlossing wat Hy in Christus op Golgota vir u bewerk het. Dan lyk die toekoms glad nie meer so donker nie, want ons vertrou en weet dat God ons ook in die toekoms sal hoor en red (Ps. 40:8 – berym):

“Hy is die HEER, by wie
daar redding is vir my.
U’s tot my hulp naby.
My God, vertoef tog nie!”

*Ds Bernard Hattingh (Warmbad)*